higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STEENWERK
NKR VLAK 2

28 NOVEMBER 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Waar		
	1.1.2	Waar		
	1.1.3	Onwaar		
	1.1.4	Onwaar		
	1.1.5	Onwaar		
			(5 × 1)	(5)
1.2	1.2.1	Vensterbankblokke (‘Sill blocks’)		
	1.2.2	Boogstuiter		
	1.2.3	Dagha		
	1.2.4	Lateie		
	1.2.5	Versterkingsdraad		
			(5 × 1)	(5)
				[10]

VRAAG 2

2.1 222 mm × 106 mm × 73 mm (1)

2.2 'n Hol muur bestaan uit twee blaaie waartussen 'n opening van 50 mm tot 110 mm gelaat is. (1)

2.3
- Engelse verband
- Vlaamse verband
- Strykverband
- Vlaamse basterverband
- Koplaagverband (Enige 3 × 1) (3)

2.4 2.4.1  Karteldraad ✓✓

2.4.2  Muurbint✓✓

(2 × 2) (4)
[9]

VRAAG 3

3.1
- Vloerplan: 'n horisontale snitaansig van 'n struktuur wat die lengte en dikte van mure en die plekke van deure en vensters aantoon.✓
- Terreinplan: 'n horisontale of boaansig van 'n hele bouterrein✓ wat die ligging van terreindienste soos stormwaterlyne en rioollyne sowel as die bestaande en toekomstige strukture daarop aantoon. Die kontoerlyne gee 'n aanduiding van die helling van die bouterrein.✓ (3)

3.2 3.2.1
- Uitlêgereedskap
- Messelgereedskap
- Steensnygereedskap
- Pleistergereedskap (4)


3.2.2 Uitlêgereedskap: Bouerlyn✓
Staalpen✓
Maatband✓
Staalwinkelhaak/bouerswinkelhaak, ens.

Messelgereedskap: Bouertroffel✓
Waterpas✓
Maatband✓
Hoekblokke
Hoekprofielplank, ens.

Steensnygereedskap: Draer✓
Steenhamer✓
Mokerhamer✓

Pleistergereedskap: Pleisterplank
Pleistertroffel✓
Reihout✓
Houtstrykplank✓ (12)


3.3




(3)
[22]

VRAAG 4

4.1



Laag A✓



Laag B✓

(12)

4.2
- VL: word minstens 150 mm bo die grondhoogte en tussen die fondamentmuur en die bobou gelê sodat vog nie teen mure kan opkruip nie.✓✓
- VLM: word onder die beddinglaag gelê om te keer dat vog teen 'n platblok opkruip.✓✓ (4)

4.3 Lê die VL oor die hele dikte van die muur.✓ Laat die VL by alle voeë ten minste 15 cm in die streklengte oormekaar slaan.✓ Voglae moet by eindes, kruisings en hoeke die volle breedte van 'n muur oormekaar slaan.✓ Alle horisontale voglae moet aan die dagkant van 'n muur minstens 5 mm uitsteek.✓ 'n VL moet oor die volle breedte van 'n hol muur gelê word.✓ Moenie gate in die VL steek nie.✓ Met hol messeleenhede van meer as 140 mm kan gate op vaste afstande in die voglaag gesteek word.✓ (6)

4.4
- Beton en gebrande klei reageer verskillend op temperatuurskommelings, vog en spanning.
- Spanning kan mure laat kraak. (2)

4.5 'n Enkelbladmuur bestaan uit 'n een ry stene wat oormekaar slaan.✓ 'n Dubbelbladmuur bestaan uit dubbelstene of twee stene wat volgens 'n verband oormekaar slaan.✓ (2)

4.6 Om iets oormekaar te laat slaan beteken om een ding oor 'n ander te laat slaan.✓ Om iets te lê beteken om iets op 'n oppervlak neer te sit.✓ (2)

[28]

VRAAG 5

5.1

5.1.1	E
5.1.2	J
5.1.3	C
5.1.4	A
5.1.5	H
5.1.6	F
5.1.7	B
5.1.8	I
5.1.9	G
5.1.10	D

(10 × 1) (10)

5.2


5.2.1	Raamkraallys
5.2.2	Bodorpel
5.2.3	Styl
5.2.4	Wang
5.2.5	Onderdorpel
5.2.6	Hegore

(6 × 1) (6)

5.3 Versterkingsdraad moet nooit by hoeke gesny word nie✓ omdat dit die versterking sal verswak.✓ As versterkingsdraad gelas word, ✓ moet dit ten minste 300 mm oormekaar slaan.✓ 'n Uitsitvoeg moet nooit met 'n versterkingsdraad gesny word nie.✓ Sny dit eerder en gaan aan die ander kant verder.✓ (6)

5.4 Dakplanne wys aan presies waar dakbinte geplaas moet word sodat dakkappe maklik vasgebind kan word.✓✓ (2)

5.5



(5)

5.6
- Verbandbloklateie ('Bond block lintels')
- Lateie van voorafgegiete spanbeton
- Versterkte dravoeglateie ('Bed-joint reinforced lintels') (Enige 2 × 1) (2)

[31]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou